DG sê staat moet KMMO's groter steun bied

Carin Smith, Kaapstad

Die onderontwikkeling van die sektor vir klein-, middelslag-, en mikro-ondernemings (KMMO's) is 'n fundamentele flater in die Suid-Afrikaanse ekonomie.

So sê mnr. Tsediso Matona, direkteur-generaal van die departement van handel en nywerheid.

Hy het afgevaardigdes van dwarsoor Afrika toegespreek op die Afrika KMMO-konferensie 2009 wat gister op die Spier-wynlandgoed buite Stellenbosch gehou is.

Matona dink dit is die departement van handel en nywerheid se moeilikste taak om 'n ommeswaai in dié stand van sake mee te bring.

"Navorsing toon dit is veral in ontwikkelende lande belangrik vir 'n regering om KMMO's aan te wakker en te steun.

"Dié sektor is histories nog altyd in Suid-Afrika afgeskeep," het hy gesê.

Dit is wel vir hom verblydend dat veral swart vroue die afgelope jare al meer opgang in die KMMO-sektor maak.

Die suksesvolle Suid-Afrikaanse KMMO's is dié wat met innoverende produkte en idees nismarkte kon ontdek en betree.

Dit is vir Matona noodsaaklik om 'n beter prentjie te kry van die werklike impak wat die resessie op die land se KMMO-sektor gehad het. Daarom moet maniere gevind word om die groei en welstand van dié sektor te monitor sodat volhoubaarheid verseker word.

> "Ek kan verstaan waarom daar maatskaplike oproer is, want mense kry swaar

Matona dink dis nodig om groter finansiële en nie-finansiële steun aan KMMO's te bied, onder meer deur 'n gunstige regulatoriese klimaat te skep. Daarvoor sal die sogenaamde silo-mentaliteit wat hy bespeur – ook tussen staatsdepartemente – uit die weg geruim moet word.

"Ons moet wegkom van die idee dat elkeen net sy eie ding wil doen," het Matona gesê.

Dit is ook noodsaaklik om toe te sien dat 'n vraag na KMMO's se produkte en dienste geskep word. In vergelyking met lande soos Brasilië en Indië is die mate waarin KMMO's by die waardeketting betrek word, baie meer beperk in Suid-Afrika.

Sy oplossing is om groter swart ekonomies bemagtigde verkryging aan te moedig in die openbare en private sektor.

Mnr. Lumkile Mondi, hoof-ekonoom en uitvoerende adjunkpresident vir professionele dienste van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, het hom by Matona aangesluit deur te sê dat die huidige politieke situasie in Suid-Afrika eintlik 'n geval is van die oog wat van die bal afgehaal is.

"Ons het die impak van die wêreldwye finansiële krisis onderskat en daar is bewyse dat ons bloot nie genoeg gedoen het nie. Ek kan verstaan waarom daar maatskaplike oproer is, want mense kry swaar," het Mondi gesê. Hy sou wou sien dat sakelui meer met die regering beraadslaag oor oplossings.